Opsomming

15.10.68

191.T.5(87A)

# ONS HISTORIESE AGTERGROND

In 'n lesing onder beskerming van Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika het prof. H.B. Thom op 15 Oktober 1968 te Stellenbosch 'n filosofies-geskiedkundige beskouing gegee van die herkoms van hoofpunte in die Afrikaner se oortuiginge, veral op godsdienstige en staatkundige gebied.

As stelling het hy neergelê dat hy glo in die verbondenheid van die individu, die groep of die volk met sy eie verlede, en in die betekenis daarvan vir die bestaan van die individu, die groep of die volk. Ons verbondenheid met ons geskiedenis sien ons op tal van terreine. Dit is 'n volk se verlede wat hom in hoë mate die perspektief op sy hede en sy toekoms gee. 'n Volk wat sy geskiedenis nie ken nie, is soos 'n mens wat sy geheue verloor het. 'n Mens neem in jou denke veel van jou geskiedenis op, en jy word daardeur beïnvloed, selfs sonder dat jy daarvan bewus is.

Prof. Thom het hom voorts bepaal by die dieper geestelike kragte wat agter die sigbare, stoflike dinge lê - oortuiginge, begrippe, stelsels en beginsels. Aan die hand van veral twee gebiede het hy voorbeelde gegee van ons historiese verbondenheid. Die eerste is ons godsdiens, en die tweede ons staatkundige denke. Hier het hy in die eerste plaas aan dié van die Afrikaner gedink, ofskoon in sekere opsigte in hierdie verband 'n mate van ooreenstemming gevind sal word tussen die Afrikaner en die Engelssprekende hier te lande.

Wat ons godsdiens betref, moet ons teruggaan na die tyd van die groot Kerkhervorming. In 1517 het Luther sy 95 stellinge bekend gemaak, en daarmee het die onstuitbare Kerkhervorming begin. Na Luther het ander kerkhervormers gekom, van wie Calvyn die bekendste en - vir ons Afrikaners - vernaamste is.

Die Calvinisme is 'n strenge geloof, maar geensins, soos sommige mense meen, 'n verstarrende, noodwendig inperkende stelsel nie. In die Calvinisme kry jy wel ontwikkeling, maar in werklikheid min verandering, want sekere beginsels bly altyd vas staan. Jy aanvaar wat uit die Skrif bewys kan word; jy glo in die reg van die individu om self die Heilige Skrif te lees, en jy glo in die leer van die voorbeskikking.

Die/.........

Die groot beginsels van die Calvinisme is deur die inwoners van die Noordelike Nederlande aanvaar, en hulle het hartstogtelik daarby gestaan. In die Tagtigjarige Oorlog het hulle hulle teen Spanje verset, om eindelik by die Vrede van Munster (Westfalen) as die Republiek van die Verenigde Nederlande in 1648 hulle vryheid te verkry. Op godsdienstige en staatkundige terrein was hierdie vrede vir hulle een van hulle glorierykste oorwinnings.

Dit is merkwaardig dat uit daardie selfde Nederlande Jan van Riebeeck en sy mense vier jaar later aan die Kaap aankom om die volksplanting hier te stig. Vanselfsprekend het hulle die godsdiens van die sewentiende-eeuse Nederlande met hulle saamgebring.

Van Riebeeck het strenge Calvinistiese opvattinge gehuldig, en die feit dat hy in die diens gestaan het van 'n maatskappy wat na stoflike winste gesoek het, het nie aan sy godsdienstige opvattinge verander nie. Sy Raadsvergaderinge is bv. altyd met gebed geopen; en van sy mense het hy steeds geëis dat hulle maaltye met 'n tafelgebed begin. Hy het ook die behoefte gevoel om die dag van sy aankoms aan die Kaap, 6 April, as 'n openbare dank- en biddag te gedenk. Op 6 April 1654 het sy Politieke Raad aan die Kaap 'n besluit geneem dat die dag van hulle aankoms altyd as 'n openbare „danck ende bededach" gehou sal word. Verskeie jare lank is dit ook gedoen, ofskoon die gebruik later verval het.

In 1688-89 het honderd-en-vyftig Franse Hugenote hier aangekom - ook Calviniste, en baie oortuigde mense, hoewel brandarm vlugtelinge. Die gevestigde destydse burgerbevolking het toe nog maar 600 getel, sodat die Hugenote in werklikheid 20% van die totale burgerbevolking uitgemaak het. Onder die tydsomstandighede gesien, was hulle getal dus aansienlik, en dit, tesame met die groot gesinne waarvoor hulle bekend was, het meegebring dat hulle verreikende invloed in ons geskiedenis kon uitoefen.

Die Hugenote was sterk mense, mense met 'n hoë waardering vir geestelike waardes. Hulle was nog maar pas hier, toe eis hulle 'n skool vir hulle kinders asook hulle eie gemeente. Ofskoon daar aanvanklik meningsverskille

tussen/.......

tussen Hugenote en die Hollands-Afrikaanse koloniste was, is hulle veral deur hulle gemeenskaplike Calvinistiese geloof nader na mekaar toe getrek en het daar spoedig ondertrouery plaasgevind, sodat die twee groepe binne betreklik korte tyd één geword het.

Calvinisme stel hoë eise, maar dit is - soos ons dikwels sien - juis strenge eise wat oortuigde mense trek en deur hulle geëerbiedig word. Die oorgrote meerderheid van Afrikaners het tot vandag toe Calviniste gebly, en dit is dan ook geen toeval nie dat ons drie erkende Afrikaanse Kerke vandag op 'n reformatories Calvinistiese grondslag staan.

Ons staatkundige denke is ook deur die Calvinisme beïnvloed. Die klem wat die Calvinisme op die reg van die individu in die godsdiens lê, word op die gebied van die staatkunde oorgedra; en dit het demokratiese denke tot gevolg, want as 'n mens op die staatkundige terrein die reg van die individu beklemtoon, moet jy by die demokrasie uitkom. Dit is dus nie vreemd nie dat Calviniste vrywel oral in die wêreld demokrate was en is.

In Frankryk het die Calviniste 'n worstelstryd vir hulle geloof, maar ook vir hulle staatkundige regte, gevoer. Die Edik van Nantes het aan hulle geloofsvryheid toegeken (behalwe in sekere stede wat spesiaal genoem is), maar ook vrye stede. Kardinaal Richelieu wou juis 'n einde maak aan die vryheid wat die Hugenote (veral in hulle vrye stede) geniet het, 'n vryheid wat hy as 'n vreemde soort onafhanklikheid beskou het. Hy wou die Franse staat afrond tot sy bekende leer van: <u>Une foi</u>, <u>une loi</u>, <u>un roi</u> (één geloof, één wet, één koning). Dit het gelei tot die herroeping van die Edik van Nantes in 1685, en die vlug van talle van die Hugenote weens die daaropvolgende vervolging.

Die demokratiese denke wat ons by baie Calviniste vind, het op treffende wyse ook onder Afrikaners uitdrukking gevind. In die eerste bestuursreëling van die Voortrekkers by Thaba Nchu is neergelê dat die regeringsmag onderhewig sal wees aan die volkswil. Sewe persone is met geslote stembriefies gekies as verteenwoordigers van die volk, en daar is bepaal dat die individu se persoonlike vryheid gerespekteer sal word. Dieselfde gees word weerspieël

in die/.........

in die vroeë grondwette van die O.V.S. (1854) en die Z.A.R. (1858). Ons vind oral dat, waar die Afrikaner sy eie regeringsvorm geskep het, dit demokraties van aard was, en by voorkeur republikeins.

Vir die oorgrote meerderheid van Afrikaners was die monargale staatstelsel iets vreemds. Ons Republiek wat in 1961 ontstaan het, het geensins toevallig gekom nie, maar daar het inderdaad 'n baie lang voorgeskiedenis daaraan voorafgegaan. Dit het in hoë mate gegroei uit die verre verlede van die demokratiese denkbeelde van ons vroeë Calvinistiese voorsate.

Ook ons Engelssprekende medeburgers se tradisie is in hierdie verband van belang. Hulle het van 'n land gekom waar daar deur baie jare heen 'n proses van evolusie en demokratisering van die regeringsvorm aan die werk was.

Hierdie proses is op Suid-Afrika oorgedra. In die ou Kaapland het Engelssprekendes hulle deel bygedra tot die demokratisering van die bestuur. Later vind ons dat genl. Hertzog in 1926 terugkeer van die eerste Rykskonferensie, nadat die Balfour-verklaring aangeneem is waarin neergelê word dat, ofskoon die Britse Dominiums met mekaar verbind word deur 'n gemeenskaplike Kroon, hulle aan mekaar gelyk is wat betref politieke status. Die Statuut van Westminster (1931) en die Statuswette (1934) het die proses van demokratisering nog verder gevoer.

Sekere historiese faktore het dus vorm gegee aan wat ons vandag om ons sien, en wat vir ons aantoon hoedat ons in ons verlede geanker is.

Baie ander terreine sou genoem kon word, soos die betrekkinge tussen blank en nie-blank, wat ons bring by die beleid van skeiding en aparte ontwikkeling; ons opvattinge oor die huisgesin en die familieband; en ons opvattinge i.v.m. die onderwys, wat ons weer sal bring by Calvyn, wat o.a. geleer het dat, in die godsdiens, leiding geneem moet word deur goed-onderlegde leraars aan goed-ontwikkelde gemeentes. Terloops, daarom is dit nie vreemd nie dat - soos reeds opgemerk is - die Hugenote in Suid-Afrika al baie vroeg om 'n skool vir hulle kinders gevra het.

Prof. Thom het beklemtoon dat die Afrikaner, deur sy geskiedenis gevorm is om <u>Calvinis</u> en <u>Afrikaner</u> te wees.

Om/.....

Om te verwag dat ons in Suid-Afrika binne korte tyd - hoe graag 'n mens dit ook al sou wil sien - één volk, met één kultuur en één taal sal hê, sou niks anders as vrome wensdinkery wees nie.

Daar word in Afrikaans onderskei tussen volk en nasie. Volk is 'n intiemer groep; nasie 'n ruimer begrip. 'n Suid-Afrikaanse nasie kan bestaan uit verskillende volksgroepe, net soos die Switserse nasie uit dele van verskillende volke bestaan. Spreker sal nooit sê dat ons in Suid-Afrika nie 'n verenigde nasie kan hê nie; inteendeel, hy meen dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes aan 'n Suid-Afrikaanse nasie kan bou - en dit inderdaad ook reeds doen - vanweë so baie dinge wat hulle nader na mekaar toe bring. Dit beteken egter geensins dat die Afrikaners as 'n volksgroep hulle identiteit sal hoef in te boet nie.

'n Mens moet nie verwag dat die proses van nasievorming altyd maklik en vlot sal verloop nie. 'n Mens kan nie die feite van jou verlede verdoesel nie. In musea in bv. Oos-Londen, Grahamstad en Fort Beaufort vind 'n mens die bewyse dat die Setlaars van 1820 vrywel dag na dag in 'n stryd op lewe en dood teen die aanvalle van Naturelle moes worstel. Dit is feite wat nie weggeredeneer kan word nie.

As ons in bv. Bloemfontein kom, by die Oorlogsmuseum, sien ons die bewyse van die worstelstryd van die Vrystaatse en die Zuid-Afrikaanse Republiek teen die oormag van die destydse Britse Ryk. Wanneer jy by sulke plekke staan, is jy geneig om gespanne en soms selfs verbitterd te voel, maar 'n mens moet besef dat daar seker geen nasie ter wêreld is, vir wie die proses van nasiewording soos 'n gladde, goed-gesmeerde masjien verloop het nie. Volkswording is in die reël 'n lang proses, 'n proses van trane en smart.

Maar as 'n mens begryp dat jy in dit alles die uitwerking sien van groot kragte van die verlede, kan jy daarin ook jou verbondenheid met jou geskiedenis lees. As jy dit sinvol vir jouself vertolk, en daarin ook jou verantwoordelikheid teenoor jou land en jou nasie sien, sal jy langs dié weg tot 'n dieper en beter begrip van jou verlede kom.

Prof. Thom het ten slotte die vertroue uitgespreek dat ons almal ons steeds bewus sal bly van die groot en mooi dinge wat uit ons verlede tot ons kom, al is dit ook só dat ons dikwels geneig is om dit nie raak te sien nie.

*********